Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS


## 26 Mei 2024
## Vandag

### Eredienste

**09:00 Erediens (Nagmaal)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** 1 Kor 11: 17-34
**Tema:** Die Nagmaal herinner ons aan.....

**JEUG**

Kategese Afnaweek




**DIE KOMENDE WEEK…**

**Dinsdag 28 Mei 2024**
**18:00** Sotho kursus – Kleinkerk

**Donderdag 30 Mei 2024**
**09:00** Bybelstudie ds Riaan – Kleinkerk
**14:00** Huishulpe Naaldwerk – Lokaal 1
**18:00** Bybelstudie ds Gerhard – Debonair 11

**Sondag 2 Junie**
**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

**JEUG**

**09:00** Kleuterkerk – Lokaal 2
**09:00** Kinderkerk – Kleinkerk
**10:00** JOG – Kleinkerk
**10:00** TvC – Kerkgebou
**10:00** Belydenisklas – Lokaal 1

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot die **Gemeente Ondersteuningsfonds (GOUF)**

## Lief en Leed

Baie geluk aan Kosie en Charlene Pienaar met die geboorte van hul seuntjie, Marco.

Christo Schoeman van Sahara Meenthuise is in die hospitaal.

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Riana Botha, Philladelphia, verjaar 29 Mei (82)
Sarah du Plessis, Santé, verjaar 29 Mei (87)
Susan Viljoen, Villa Altemura, verjaar 29 Mei (81)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!

Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### GEMEENTE RETREAT TE MENUHA
### 13 – 15 SEPTEMBER

Hierdie gewilde retreate word aangebied deur ds Riaan Stander.
Prof Jan-Albert van den Berg gaan ook 'n deel van die naweek se program aanbied.

Besprekings is reeds oop, koste is R750 pp wat deel en R850 vir 'n enkel kamer.

Navrae: Ds Riaan Stander 082 665 8478

## AKSIE AFGETREDENES

Afgetrede lidmate word hartlik uitgenooi na die volgende byeenkoms, Dinsdag 4 Junie om 10:00 in die Kleinkerk.

**Bloemfontein Brandweer – Brandbestryding en voorkoming, in en om die huis.**

Kom luister saam en kuier na die tyd met tee en verversings.

### ENGO PENNEPROJEK

By die deure is penne beskikbaar @ 'n donasie van R20 (of meer).

Neem gerus 'n pen en plaas die geld in die koevertjie wat u dan in die kollektesak kan gooi of by die Kerkkantoor ingee.

Vir elke pen waarop 'n donasie ontvang word, word 'n kind in nood gehelp.

Baie dankie vir u deelname aan hierdie projek.

## OMGEEPROJEK

Ons wil graag een maal per maand blomme/plantjies of 'n klein geskenkie beskikbaar stel (ongeveer 15) wat lidmate kan neem en vir iemand gee wat 'n bietjie ekstra omgee nodig het.

'n Rooster met die datums is by die kerkkantoor beskikbaar. Jy kan 'n datum kies en jou naam opskryf wanneer jy graag iets wil bring. Lintjies en kaartjies is by die kantoor beskikbaar indien jy daarvan gebruik wil maak.
Navrae: Kerkkantoor
**(Vir hierdie semester is 9 Junie nog beskikbaar).**



### Toegang tot Kerkterrein Sondae

**Hek in Boerneefstraat –** skakel 065 964 0101 vir toegang, of as u gedurende die diens die terrein moet verlaat.

## VERKOPE TYDENS STEMDAG 29 MEI

Ons het die geleentheid om kos verkope op die kerkterrein te doen. Ons beoog om boereworsrolle, hoendersosaties en pannekoek te verkoop asook drinkgoed.

**Die volgende hulp word nog benodig:**

09:00 – 11:00 Benodig nog 2 persone vir braai.

11:00 – 13:00 Benodig nog 2 persone vir braai, hulp met verkope (3 persone) en 'n kassier.

**Op die tafel is 'n lys waarop jy jou naam kan skryf of kontak die Kerkkantoor.**

As jy by 'n ander stempunt gaan stem, kom maak 'n draai en koop sommer middagete!



# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks ‘n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand vir Jolene Muller opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons ‘n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
U kan u dankoffer in ‘n koevert plaas, gemerk “Dankoffer” en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?


**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u ‘n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is “Dankoffer”.

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

Snap here to pay

SnapScan


KOM EN GENIET
ONS JEUGAAND MET
BOARDGAMES
DAAR GAAN KOELDRANK EN SNACKS WEES
BRING JOU GUNSTELING BORD OF KAART SPELETJIE SAAM
7 JUNIE 2024
18:30 TOT 20:30